

DROOM MET FILET



BENODIGDHEDE: Ongeveer 900 g DMC Nr. 5 Art. 192; hekelpen van 2 mm.

MATE: Die voltooide deken is ongeveer 100 x 180 cm groot.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; vlg - volgende; sp(s) - spasie (spasies); blk(s) - blokkie (blokkies); herh - herhaal; krap-st - krapsteek; st(e) - steek (steke).

AANWYSINGS: □ - spasie 1 lb, *2 ks, slaan 2 ste of 2 ks oor, 1 lb in vlg st of vlg ks*.
 ☒ - een blokkie (3 lb); ☒☒ - 2 blks (7 lb);
 ☒☒☒ - 3 blks (10 lb), ensovoort.

Raadpleeg diagram sorgvuldig. Begin aan

regte kant en hekel heen en weer. Draai die werk aan einde van elke ry en hekel soos aangedui op diagram. 3 ks vervang eerste lb aan begin van elke ry.

Die deken bestaan uit 18 vierkante wat afsonderlik gehekel en later aan mekaar vasgewerk word.

Vir een vierkant hekel 'n ketting van 111 ks, wat ooreenkom met 36 vierkante in eerste ry, plus 3 draai-ks. Omrand voltooide vierkant met een rondte lb.

Werk vierkante aanmekaar in 3 rye elkeen met 6 vierkante.

Hekel een rondte kb en een rondte krap-st rondom voltooide deken.

Om deken effens breër te maak, hekel ekstra rondtes 1b rondom voltooide deken en eindig met een rondte krap-st.

